Laerskool Mikro

# Handboekwerk:


# Donderdag 21 Mei 2020

## Kenmerke van 'n fabel – Bladsy 73

### B Lees en kyk

**Pre-lees**

- Watter stories ken jy met dierekarakters? Noem 'n paar.
- Wie ken jy wat lekker stories kan vertel?
- Hoe voel jy oor stories wat vir jou 'n les leer? Verduidelik jou antwoord.
- As jy na die titel van die storie op bladsy 74 kyk, waaroor dink jy gaan die verhaal?



*Die visser en die klein vissie*

**Kenmerke van 'n fabel**

- 'n Fabel is 'n storie of vertelling wat van een geslag na die volgende oorvertel word.
- Die fabel begin gewoonlik met die woorde "Eendag" of "Eendag lank, lank gelede ..."
- In 'n fabel kom daar altyd minstens een dierekarakter voor wat kan praat.
- Fabels is soms humoristies, maar die einde van die verhaal bevat altyd 'n belangrike lewensles wat jou laat nadink.

**Leesstrategieë: Onthou jy?**

- Vluglees is 'n manier om vinnig uit te vind waaroor 'n teks gaan sonder om alles te lees. Lees die hoofopskrif en die subopskrifte. Kyk na die illustrasies en/of foto's en byskrifte.
- Soeklees word gebruik om na spesifieke inligting in 'n teks te soek, soos sekere woorde, getalle, name, ens.

1. **Vluglees** teks 1 op bladsy 74 vir die volgende inligting:
   a) Hoekom soebat die vissie?
   b) Wat doen die visser op die ou end met die vissie?
2. **Soeklees** vir die volgende inligting:
   a) Wanneer het die visser die vissie gevang?
   b) Hoe groot was die vis wat die visser gevang het?

# Lees die Fabel – Bladsy 74 en 75

## Teks 1: 'n Fabel

Lees die fabel en beantwoord dan die vrae.

### Die visser en die klein vissie



Die fabel begin met die woord "Eendag"

Eendag vang 'n visser 'n klein vissie.

"In die sak met jou. Jy sal 'n **sappige** happie wees!" sê die visserman.

"Wat help dit tog om my te eet?"

'n Dierekarakter wat kan praat

huil die klein vissie. "Ek is te klein. Jy sal my nie eens kan proe nie!"

Die visser kyk die vissie so aan. "Wel, ek is baie honger, en jy lyk baie lekker!"

Die vissie **soebat** verder. "Gooi my terug in die water sodat ek mooi groot kan word. Dan sal ek mos 'n baie beter vangs wees. Dalk kan jy my selfs dan vir baie geld verkoop."

"Maar wat moet ek dan vandag eet?" vra die visser.

"Wel, as al die vissers die klein vissies teruggooi in die water, word alle klein vissies later groot visse. As jy my nou in jou sak gooi, sal jy nog baie ander vissies soos ek moet vang voordat jy genoeg sal hê," smeek die vissie. "Jy kan mos dan nou net sowel dieselfde tyd gebruik om net een groot, vet vis te vang, nie waar nie?" Die vissie glimlag die mooiste glimlag.

Die visser loer deur skrefie-oë na die vissie.

"Sappige vissie, jy't my **oortuig**. Terug in die water met jou!"

Terwyl hy later huis toe stap, dink hy: "Wie laaste lag, lag die lekkerste. Oor 'n klein rukkie vang ek daai klein vissie weer en eet hom baie vinnig op!"

Lewensles

"Slim vang sy baas," lag die vissie terwyl hy blitsvinnig wegswem.

**WOORDESKAT**

Skryf hierdie woorde en betekenisse in jou persoonlike woordeboek. Onthou die alfabetiese volgorde.

**sappige** – smaaklik, lekker

**soebat** – pleit, smeek

**moeite** – wat nie maklik is nie, wat met inspanning gedoen word

**oortuig** – oorreed, van standpunt verander

### Post-lees: Verstaan die teks

Beantwoord die volgende vrae:

1. Dink jy die visser was aanvanklik teleurgesteld met die vissie wat hy gevang het? Gee 'n rede vir jou antwoord.
2. Waarom probeer die vissie die visser oortuig om hom nie te eet nie?
3. Die vissie dink nie hy is 'n goeie vangs nie. Hoekom nie?

4. Hoekom redeneer die klein vissie dat die visser nog baie meer visse sal moet vang?
5. Die visser het die vissie se woorde anders verstaan as wat die vissie bedoel het. Stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord.
6. Is die visser regtig die een wat die "laaste lag"?
7. Watter les kan ons van hierdie fabel leer?
8. Hoe het die vissie die visser gevang?
9. Skryf net die hoofgedagtes van die storie in die regte volgorde neer: skryf net vier sinne.

